

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 4 JUNIE 2019 OM 14:30
TE BRANDERSTRAAT, OESTERBAAI

TEENWOORDIG

Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Fanie Groenewald
Martiens Kunneke
Hettie Jooste

1 OPENING & VERWELKOMING

Walter open vergadering en heet almal welkom.

2 VERSKONINGS

Riekie Pienaar, Lana Pepler, Joe Meyer, Otto Pepler.
Raadslid Daniel Benson. (Skriftelike insette is voor die vergadering voorsien en word in die notule vervat)

3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE

Die notule van die vergadering gehou op 19 Maart word aanvaar en goedgekeur.

4 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

4.1 Omgewingsake

'n Volledige vorderingsverslag van die werk wat gedoen is om die duine wat eiendomme in Branderstraat bedreig, voorstelle vir die voltooiing van die werk en die rehabilitasieproses is op 29 April 2019 per epos deur Joe versprei.

Joe beplan om op 23 Junie Oesterbaai toe te kom om die verwydering van die duin te voltooi en te help om die rehabilitasiewerk te begin.

Adriaan versoek dat 'n volledige posbeskrywing vir die werkers wat betrokke gaan wees by die rehabilitasiewerk opgestel word.

AKSIE: JOE/NOMVELO

4.2 Watervoorsiening

Die vervanging van die nuwe waperpyplyn is nie voltooi nie aangesien die begrootte bedrag nie voldoende was nie. Werk sal hopelik voltooi word sodra die nuwe begroting van krag word.

Die 2 nuwe boorgate is nog nie gekoppel nie en sal aandag moet kry aangesien dit benodig word vir die natmaak van die plante tydens die rehabilitasiewerk aan die duine.

AKSIE: OTTO

Die boorgat by die sump is ook nog steeds nie toegerus met 'n pomp nie. Otto het bevestig dat hy deur Willie Botha ingelig is dat 'n pomp reeds aangekoop is.

4.3 Paaie

Die swak toestand van Grunterstraat is deur Walter gerapporteer op Link, maar geen terugvoer is ontvang nie. Die strate in Umzamowethu is ook nog steeds 'n reuse probleem. Hettie sal dit weer op Link rapporteer.

AKSIE: HETTIE

Die duinewater wat voor die karavaanpark oor die pad loop het die pad verswak en eiendomme in die omgewing bedreig. Dit is gerapporteer, Willie Bothe het self besoek afgelê, die afloopvoor is oopgemaak en Lukas het die gat in die pad herstel.

4.4 Gemeenskapsaal

'n Afvaardiging van Departement van Gesondheid en Veiligheid (Health & Safety) het die saal besoek om 'n opname te doen oor die toestand van die saal. Hulle was baie beïndruk met die toestand van die saal en het genoem dat dit die saal is wat die beste in stand gehou word in die hele Kouga area.

Walter het onlangs 'n baie sinvolle gesprek met die burgemeester gehad oor die saal en ook per epos met Daniel gekommunikeer oor die saal se dak – R60 000 word benodig vir die herstel van die dak en 'n verdere R20 000 vir die vervanging van die geute.

Sekere klousules in die MOU tussen OIV en KM vir die huur van die saal moet nagegaan word, i.e. die duur van die kontrak; die bepalinge rakende die instandhouding van die saal en die daarstel van 'n "service level agreement" bevat. Die aspek moet met Frank Tamboer opgeneem word.

AKSIE: WALTER/ADRIAAN

Die saal word baie produktief gebruik vir onder andere eredienste, "Skills Development" (Maandae en Donderdae), biblioteek (Woensdae) en SASSA (1 keer per maand). Die inkomste hieruit is minimaal.

Ongelukkig is die fasiliteite in die saal nie voldoende vir funksies nie en die meeste mense wat kom kyk, stel as gevolg hiervan nie belang nie.

Walter stel voor dat Martiens ook 'n stel sleutels van die saal bekom om van hulp te wees met die oop- en toesluit wanneer Adriaan of Hettie nie beskikbaar is nie.

Agterdeur se slot is vervang.

Daniel Benson rapporteer dat hy probeer om Wifi installering vir saal met die nuwe Windplaas wat in en om Oesterbaai opgerig gaan word, te reël. Daniel versoek dat 'n Komiteelid kontak maak en ook probeer onderhandel hiervoor.

4.5 Afvalstortingsterrein

Lana het telefonies terugvoer gegee: Swartbooi sal vandag stene laat aflewer om die oprit se kante te verstewig – 3 stene hoog en 3 stene breed. Kwotasies vir die huisie en toilet is ingedien en dit sal hopelik binnekort opgerig word.

Daar is nog steeds 'n probleem met mense wat bourommel stort en dit is moeilik om te beheer, aangesien daar nie nou iemand is wat permanent toesig hou nie.

4.6 Umzamowethu

Adriaan vra vir hulp met hierdie taak – die verantwoordelikheid raak te groot vir hom

Rondloperdiere bly 'n reuse probleem.

Daniel Benson het terugvoer gegee oor die RDP huise: Die nuwe Behuisingsbestuurder, Mnr Penxa sê hy is besig om te kyk of daar 'n oudit gedoen is in Umzamowethu en indien nie, sal hy dit so gou moontlik laat doen. Umzamowethu het geen verteenwoordiging op die komitee wat omsien na hierdie saak nie en daar moet 'n verteenwoordiger van Umzamowethu word.

AKSIE: DANIEL BENSON

4.7 Wyksraadslid

Die beplande brief aan Hattingh Bornman, Speaker, rakende die klagtes oor die Wyksraadslid is geskryf, maar na gesprekvoering met Daniel is besluit om dit nie te stuur nie. Op die oomblik is daar geen konflik met Rdl. Mayoni nie en die gevoel is dat so 'n brief net onnodige konflik kan veroorsaak. Voldoende ondersteuning word ontvang van Rdl. Benson.

4.8 Finansies

'n Inkomste- en Uitgawerekening en Balansstaat soos op 28 Mei 2019 word deur Martiens voorgelê. Enkele belanrike punte word uitgelig:

Kontant beskikbaar: Lopende rekening R17 914.56; Beleggingsrekening R46 857.39; Trustfondse R18 672.50.

Inkomse: Ledegeld R10 899.60; Donasies R49 649.19; Saal R1220.

Uitgawes: Omgewingsbestuurspaln R41 270.48; Paaie R21 629.54; Saal R12 955.65; Instandhouding R9 513.15.

Uitgawes oorskry die inkomste en die netto tekort beloop R17 018,60.

Hettie bevestig dat die fondsinsamelingsbrief aan almal wat die AJV bygewoon het en ook aan alle opbetaalde lede gestuur is. Lede wie se ledegeld uitstaande was, is ook per epos herinner. Redelike goeie reaksie is ontvang en R3 450 ledegeld en R17 800 donasies is sedert die begin van Maart ontvang. Gereelde maandelikse donasies beloop tans ongeveer R4000/maand.

4.9 Klankstelsel

Daar sal voorlopig van Choppie se klankstelsel gebruik gemaak sal word.

4.10 Brandweer

Daniel sal versoek word om weer op te volg.

AKSIE: WALTER

4.11 Berig in Kouga Express en Our Times

Daniel het bevestig dat die saak met Laura Lee Randall bespreek is en dat sy bevestig het dat sy weer 'n berig gaan plaas, maar die OIV moet bevestig wanneer dit gedoen moet word. 'n Positiewe berig moet geplaas word oor die samewerking tussen KM en die OIV asook ander belangrike Oesterbaaisake. Fanie stel voor dat hierdie verslaggewing gedoen word sodra die rehabilitasiewerk begin.

AKSIE: FANIE

5 ALGEMEEN

5.1 KOMMUNIKASIE/NUUSBRIEWE

Hettie lig die vergadering in dat baie goeie terugvoer ontvang word oor die inligting wat via die Whatsapp-groepe uitgestuur word en dit blyk dat mense op dié manier baie beter inligelig word as via 'n nuusbriewe. Daar word besluit dat daar voorlopig nie 'n nuusbriewe uitgestuur word nie, maar meer gereelde inligting op die Whatsapp-groepe gestuur sal word en dat daar meer aktief van die webwerf gebruikgemaak sal word. Hettie sal ook 'n epos aan al die mense op die verspreidingslys stuur om hulle in te lig oor die groepe en hul dan versoek om, indien hulle belangstel, hul telefoonnommers te verskaf vir dié doel.

AKSIE: HETTIE

5.2 BIBLIOTEEK

Anita en Hylie is nou voltyds in beheer van die biblioteek. Adriaan stel voor dat die biblioteek deel word van die OIV. Almal ondersteun die voorstel. Daar is R425 ledegeld in bewaring by Hettie en dit sal in die OIV lopende rekening inbetaal word. Martiens sal dit so allokeer.

AKSIE: HETTIE

5.3 DIEREPROJEK

Adriaan doen navraag oor die kollektebussie wat by Die Windmeul is. Fanie bevestig dat die sleutel by Cornelia is en dat dit aan Adriaan oorhandig sal word. Daar is fondse beskikbaar om te gebruik soos benodig vir die diere in Umzamowethu. Adriaan bevestig dat die DBV gereeld Umzamowethu toe kom om die diere te dip.

6 VOLGENDE VERGADERING

Datum sal deur die sekretaresse gekommunikeer word.

7 AFSLUITING

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname en die vergadering verdaag.

.....
GOEDGEKEUR
VOORSITTER

.....
SEKRETARESSE

DATUM:.....